Toetrede

Liturgie van die Lig

Belydenis

Ek kan net sê dat ek glo wat ek glo.

Ek glo nie ek kan gered word deur buitelandse politieke beleide nie.
Ek kan nie gered word deur die geslagsrevolusie
of die bruto nasionale produksie
of algehele kernontwapening nie.
Ek kan ook nie gered word deur raadshere, priesters, senatore,
artistieke ontleders of chemiese ingenieurs nie.
Nog die Vatikaan,
nog die Wêreld-vereniging vir Belydende Boeddhiste,
nog die Heilige Ridderorde of Johanne van Arc,
nog engele of aartsengele,
nog heerskappye of magtige moonthede kan my red.

Al wat ek het
en aan wie ek glo,
is Jesus, die Man van Nasaret.

Daniel Berrigan
Afrikaanse verwerking: Marie de Kock

Woorddiens

Lesing 1: Eksodus 20:1-20 (1953)

1 TOE het God al hierdie woorde gespreek en gesê:
2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.
7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.
9 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;
10 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.
11 Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.
13 Jy mag nie doodslaan nie.
14 Jy mag nie egbreek nie.
15 Jy mag nie steel nie.
16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.
18 En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan.
19 En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.
20 Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.

Lesing 2: Filippense 3:4b-14 (1953)

4 As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer.
5 Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;
6 wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.
7 Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.
8 Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry
9 en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;
10 sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,
11 of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.
12 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.
13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.
14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Broodjies vir die Pad

Freedom is not a choice to do your own thing in your own way. As Janice Joplin sang: "Freedom's just another word for nothin' left to lose." (PaF)

Freedom comes with ground rules, boundaries within which life can thrive. Without ground rules, there is only chaos. (PaF)

Biblical narratives operate in three environments-- God, us and the gap between …

What of the gap between God and us? If God is pure and steadfast but we are unsteady and fickle, how do we respond? The biblical narratives describe responses that include indifference, rejection and desire; the gap

either overwhelms or inspires … God repeatedly reaches out to us across the gap and each person responds for himself or herself.

John Caputo finds in the work of postmodern writers, especially Derrida, fresh descriptions of a passionate response to this gap. Calling Derrida a "Jewish Augustinian," Caputo discovers in his work " a desire beyond desire, as a desire for God … a restless heart that desires we do not know [fully] quite what, where the name of God is the name of our desire even as it is the best name we have for what we do not know." …

… Kevin Hart considers the 'gap' we have been discussing this way: "For God opens the space wherein love can be ventured, and the first step is always his (sic). As absolute subject, God never presents himself (sic) as object in any sense, and so he (sic) comes to us not as experience but in (emphasis added) experience: not as that which we can appropriate, render proper to consciousness, but rather as a mystery that passes through our lives, a disturbance that opens our ways of being, doing, and thinking …" (The Experience of God: a Postmodern Response, pp 80-81)

When people come to Glide Memorial Church, we don't ask them if they are atheists, Methodists, or Buddhists. We ask them what their name is and how they are doing.

~ Pastor Cecil Williams

I have a query which is fidgeting around in my little brain, which has to do with the critical importance Paul gives to the bodily resurrection of Jesus and what that means for us as believers in terms of our bodily resurrection in the future.

I believe in Christ's real and actual resurrection in history. But I'm aware that Paul, in 1 Cor., said that the body that is resurrected is as different from the body that was buried as a tree is from the seed from which it grew (1 Cor. 15:42 ff). Perhaps this difference is hinted at in the way that Mary Magdalene and the two disciples on the road to Emmaus couldn't immediately recognize the risen Christ. So I avoid being overly dogmatic about what form a resurrected person takes … My confidence is, with Paul, that to be absent from the physical body is to be present with the Lord … that we are no less with the Lord after death than we are before death. Much more could be said, but that, for me, is enough for me to live with hope and without fear. (Brian McI)

Brood vir die Pad

Dink oor jou Dinkgewoontes

deur Wilhelm Jordaan

Aangeleerde gewoontes soos handgebare, gesigsuitdrukkings en maniere van sit, staan en gaan het buitengewone dwingkrag. Hulle is dáár sonder dat jy daaroor dink of daarvan bewus is.

William James (1842-1910), steeds my gunsteling-sielkundige en iemand wat ook 'n dokter, navorser, fisioloog, skrywer en filosoof was, het voortreflik oor gewoontes geskryf. Byvoorbeeld:
"There is no more miserable human being than one in whom nothing is habitual but indecision, and for whom the lighting of every cigar, the drinking of every cup, the time of rising and the time of going to bed every day, and the beginning of every bit of work, are subjects of express volitional deliberation."

Hy sê goeie gewoontes is belangrik sodat die hoër geestesfunksies hul dinkwerk met volle aandag kan doen. Maar slegte gewoontes is gevaarlik wanneer hulle die geestesfunksies binnedring en soos "?'n onsigbare wet, so sterk soos swaartekrag" die ontledende intellek ondertoe trek en onder-myn.

So kom jy dan ook in die greep van slegte aangeleerde dinkgewoontes wat jou lewe en dié van ander tot skade is:
Heel eerste die gewoonte om te oorveralgemeen; om tot wydlopende gevolgtrekkings te kom met min of uiters selektiewe inligting.

Oorveralgemeners word onder meer geëien aan die gemak waarmee hulle woorde soos "alle", "altyd", "nooit", "alles", "almal" en "niemand" deel van hul denke maak. Soos om te sê, of te kenne te gee, (alle) Afrikaners is sus of so. Of die man wat vir sy vrou sê: "In jou oë is ek altyd verkeerd, nooit reg nie."

Dit is asof oorveralgemeners nog nooit (!) gehoor het van woorde soos "dikwels", "soms", "sommige", "gereeld", "van tyd tot tyd" en "geneig tot" nie – almal woorde wat voorsiening maak vir uitsonderings en kwalifiserings.

'n Tweede dinkgewoonte is om absolute lewensreëls op jouself toe te pas. Byvoorbeeld: "Ek mag nooit dom of hulpeloos voorkom nie"; "Ek moet altyd die veilige ding doen"; "As ek nie dié prestasie behaal nie, sal ek vergaan van skaamte".

Sulke "mag-nooit-nie/moet-altyd"-reëls verhinder realistiese selfspraak, wat keer dat jy 'n gevangene van jou eie reëls word. Soos dat jy die absolute reël: "Ek mag nooit dom of hulpeloos voorkom nie" kan vervang deur: "Ek sou verkies om nie dom of hulpeloos te wees nie, maar as dit nou gebeur, moet ek aanvaar ek is nie alkundig nie en dat niemand dit ook van my verwag nie."

Absolute lewensreëls wat jy ook op ander mense toepas, berokken verhoudings skade. Soos om te reken: "Mense moet doen wat ek van hulle verlang"; "Mense moet my nooit teleurstel nie"; "Mense mag nie iets van my vra wat ek nie wil doen nie".

Word sulke reëls oortree, volgens jou siening, raak jy kwaad en verwerpend en daarmee kom verhoudings straks tot 'n einde.

Derdens, die gewoonte om jou in 'n toestand van hulpeloosheid in te dink. Met taalbegeleidings soos: "Ek kan nie anders nie": "Dis maar soos ekke is"; "Ek kan myself nie help nie"; "Omstandighede was nog altyd teen my".

Die ellende van sulke selfspraak is dat jy jouself as?'t ware by voorbaat vryspreek daarvan om dinge deur inspanning anders te maak.

Byvoorbeeld: Eerder as om te dink: "Dit is vir my onmoontlik om anders op te tree", kan die saak só benader word: "Dit is vir my baie moeilik om anders op te tree. Dit is my manier van doen, maar ek sien my manier maak mense seer. Ek dink ek kan dinge anders doen en gaan probeer."

Slegte dinkgewoontes is 'n gevaarlike begrensing van jou menswees. Dit word algaande deel van jou menslike mondering en vereng jou begrip van wat werklik belangrik en waar is.

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877